



Verslag oor die
**NATIONALE
MATRIEKUITSLAE
2024**



Aanbod aan SOS-Lidskole

Sluit vandag nog aan by een van ons verenigings!

- AGV** – Afrikaanse Grondslagfasevereniging – Graad R tot 3
- AHV** – Afrikaanse Handelsvakvereniging – EBW, Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie
- AOV*** – Algemene Onderwys Vakvereniging – Alle ander personeellede of vakke
- GeRAT** – Genootskap vir Regte Afrikaanse Taalonderwysers – Afrikaans Huistaal en Afrikaans EAT
- JAPIE** – Dr. Japie van Zyl Robotikavereniging – Robotika en Kodering
- KV** – Kleuterskoolvereniging – 0 tot 5 jaar
- KUNS** – Kuns Vakvereniging
- LBV** – Landbouvakvereniging
- LV** – Leierskapsvereniging – Skoolhoofde, skoolbestuur en beheerliggaamlede
- SV** – Rassistie Erasmus Sportvereniging – Afrigters, organiseerders
- SW** – Sosiale Wetenskappe-vereniging – Sosiale Wetenskappe, Geskiedenis en Geografie
- TV** – Tegniese Vakvereniging – IGO, Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Gasvryheidstudies
- VAW** – Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers – Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Tegniese Wiskunde
- WETO** – Wetenskaponderwysersvereniging – Fisiese Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Lewenswetenskappe
- ENG** – Engels Eerste Addisionele Taal Vakvereniging
- VOLO** – Vereniging vir Onderwysers van Lewensorientering – Graad 7 tot 12

Skandeer die kode op jou slimfoon en sluit aan!



* Geen vakgerigte hulpbronne vir AOV

Lidmaatskap aan een van ons vakverenigings verdien 12 CPTD-punte.



Voordele sluit in:

- Toegang tot duisende werkkaarte, toetse, vraestelle en assesserings
- Lesbeplanning
- SARO-geakkrediteerde opleiding (waar aangedui)
- SOS-Kongresse teen afslagtariewe

Besoek skole.co.za

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord

Toekomsvaardighede en kernwaardes onmisbaar in holistiese toerusting

Inleiding

Moedertaalonderwys se waarde en voordele onbetwisbaar

Oorsig van die nasionale matriekuitslae 2024

NSS as maatstaf van akademiese uitnemendheid in Suid-Afrika

DBO: NSS-slaagsyfer van 2015 tot 2024

IEB: NSS-slaagsyfer van 2015 tot 2024

DBO: Provinsiale NSS-slaagsyfer van 2017 tot 2024

Nasionale deurvloei-syfer vanaf graad 1 tot graduering

Wiskundige vakke

Deelname en prestasie verbeter merkbaar

Ander kernvakke

Verhoogde prestasie en toewyding

Afrikaanse skole

Vergelyking van die nasionale slaagpersentasie met dié van Afrikaanse skole

Verlore kandidate

B-graadtoelating van Afrikaanse skole

Wiskunde-prestasie: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Fisiese Wetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Lewenswetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Afrikaans Huistaal-prestasie

Toppresteerders

Top 20-skole: Dié skole blink uit in 2024

Samevatting

Aanbevelings

Bronne en erkennings

06



07



08

08

08

09

10

11

12

12

14

14

15

15

16

16

17

20

21



22

23

52

54

59





AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Merietebeurse

VIR AKADEMIESE PRESTEERDERS

*Matrieks kan tot R50 000 minder vir
hul eerste jaar van studie betaal*

B's en V's geld

www.akademia.ac.za



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienuommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaas hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienuommer: 2011/HE08/005.




TABELLE & GRAFIEKE

TABEL 1	Nasionale slaagsyfer en graadtoelating van die DBO: 2015 tot 2024	08
TABEL 2	Nasionale slaagsyfer en graadtoelating van die IEB: 2015 tot 2024	09
TABEL 3	Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2017 tot 2024	10
TABEL 4	Nasionale Wiskunde-prestasie: 2015 tot 2024	12
TABEL 5	Só vaar leerders in Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde: 2024	13
TABEL 6	Opsommende syfers in vyf kernvakke: 2021 tot 2024	14
TABEL 7	Vergelyking van die nasionale slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2024	15
TABEL 8	Prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2024	15
TABEL 9	Wiskundeprestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2024	15
TABEL 10	Verlore kandidate: 2023 en 2024	16
TABEL 11	Vergelyking tussen die B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae: 2024	16
TABEL 12	Vergelyking van die Wiskunde prestasie: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2017 tot 2024	17
TABEL 13	Persentasie wat Wiskundige vakke neem: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2019 tot 2024	17
TABEL 14	Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole: 2024	18
TABEL 15	Top 10- Afrikaanse skole met die hoogste persentasie Wiskunde-kandidate: 2024	18
TABEL 16	Vergelyking van die nasionale Wiskunde-slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2024	19
TABEL 17	Prestasie in Fisiese Wetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2024	20
TABEL 18	Prestasie in Lewenswetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2024	21
TABEL 19	Prestasie in Afrikaans Huistaal: 2020 tot 2024	22
TABEL 20	Vergelyking van die prestasie van die vyf grootste huistale: 2024	22
TABEL 21	Top 20- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd	24
TABEL 22	Top 20- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat	25
TABEL 23	Top 20- klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd	26
TABEL 24	Top 20- klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat	27
TABEL 25	Top 3- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat per provinsie	28
TABEL 26	Top 20-skole met die meeste onderskeidings landwyd	30
TABEL 27	Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat	31
TABEL 28	Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings	32
TABEL 29	Top 20-skole met die meeste Afrikaans Huistaal-onderskeidings per getal kandidate	33
TABEL 30	Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings	34
TABEL 31	Top 20-skole met die meeste Engels Eerste Addisionele Taal-onderskeidings per getal kandidate	35
TABEL 32	Top 20-skole met die meeste Wiskunde-onderskeidings	36
TABEL 33	Top 20-skole met die meeste Wiskunde-onderskeidings per getal kandidate	37
TABEL 34	Top 20-skole met die meeste Rekeningkunde-onderskeidings	38
TABEL 35	Top 20-skole met die meeste Rekeningkunde-onderskeidings per getal kandidate	39
TABEL 36	Top 20-skole met die meeste Ekonomie-onderskeidings	40
TABEL 37	Top 20-skole met die meeste Ekonomie-onderskeidings per getal kandidate	41
TABEL 38	Top 20-skole met die meeste Ingenieursgrafika en -ontwerp-onderskeidings	42
TABEL 39	Top 20-skole met die meeste Ingenieursgrafika en -ontwerp-onderskeidings per getal kandidate	43
TABEL 40	Top 20-skole met die meeste Fisiese Wetenskappe-onderskeidings	44
TABEL 41	Top 20-skole met die meeste Fisiese Wetenskappe-onderskeidings per getal kandidate	45
TABEL 42	Top 20-skole met die meeste Lewenswetenskappe-onderskeidings	46
TABEL 43	Top 20-skole met die meeste Lewenswetenskappe-onderskeidings per getal kandidate	47
TABEL 44	Top 20-skole met die meeste Wiskundige Geletterdheid-onderskeidings	48
TABEL 45	Top 20-skole met die meeste Wiskundige Geletterdheid-onderskeidings per getal kandidate	49
TABEL 46	Top 20-skole met die meeste Inligtingstegnologie-onderskeidings	50
TABEL 47	Top 20-skole met die meeste Inligtingstegnologie-onderskeidings per getal kandidate	51
GRAFIEK 1	Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2017 tot 2024	10
GRAFIEK 2	Nasionale deurvloeijsyfer vanaf graad 1 tot graduering	11
GRAFIEK 3	Wiskunde-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024	19
GRAFIEK 4	Fisiese Wetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024	20
GRAFIEK 5	Lewenswetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024	21

VOORWOORD

Toekomsvaardighede en kernwaardes onmisbaar in holistiese toerusting

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) wens elke Afrikaanse skool en leerder hartlik geluk met julle besondere akademiese prestasie tydens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen van 2024. Ons wil graag met hierdie verslag erkenning gee aan skoolbesture, onderwysers, leerders en ouers vir hul onwrikbare toewyding en harde werk.

Hoewel 2024 se uitslae die hoogste slaagsyfer in die geskiedenis van die onderwysstelsel in Suid-Afrika toon, bly daar vrae en kommer oor die effektiwiteit van die stelsel, asook die doeltreffendheid van sommige assesseringsvereistes. Afgesien hiervan is die NSS-eksamen steeds 'n goeie maatstaf van akademiese prestasie.

Dit is vir die SOS belangrik om na die holistiese ontwikkeling van elke leerder te kyk en om seker te maak dat hulle toekomsvaardighede en kernwaardes aanleer. Só help ons om te verseker dat hulle die beste kans op sukses in die lewe kan hê.

Opvoedkundige uitnemendheid is 'n belangrike strewende, wat ook sagte vaardighede soos kommunikasievermoë, samewerking, karakter, verbondenheid, en so meer insluit. Die SOS het daarom 'n standaard vir opvoedkundige uitnemendheid ontwikkel en 'n impakstudie wat daarmee gepaardgaan; kritiese en kreatiewe denkvaardighedsassesserings, asook 'n data-intelligensiesentrum om verpersoonlike leer moontlik te maak. Dit het ten doel om te help

verseker dat Afrikaanse skole nie net akademies uitnemend presteer nie, maar ook deurlopend beste praktyke implementeer. Hierdeur wil ons help om opvoedkundige uitnemendheid by ons skole te bly bevorder, en op só 'n manier by te dra tot volhoubare Afrikaanse gemeenskappe.

Moedertaalonderrig is vir die SOS ononderhandelbaar. Dit is die beste vorm van onderrig en opvoeding. Moedertaalonderrig in Afrikaans het 'n groot bydrae gelewer tot die prestasie van Afrikaanse matrieks, en kan duidelik uit die slaagsyfers en toelating tot B-graadstudies gesien word.

Weereens geluk met die besondere prestasie! Kom ons bou voort aan die uitnemendheid van onderrig en opvoeding in Afrikaans. Dit is die fondament vir 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms, hier aan die suidpunt van Afrika.



Leon Fourie
Uitvoerende hoof
Solidariteit Skoleondersteuningsentrum



Die SOS vier met trots Afrikaanse 100ste bestaansjaar.

Moedertaalonderwys se waarde & voordele onbetwisbaar

Die SOS bestudeer reeds sedert 2015 die NSS-uitslae, met 'n spesiale fokus op die prestasie van Afrikaanse skole. Die verslag van 2024 bevat enkele nuwe data- en verwerkingsbesonderhede:

- 'n Lys van die top 3- Afrikaanse skole per provinsie met minstens 80% Afrikaanssprekende matrieks.
- Die top 20-lyste van presterende skole het vanjaar 'n bykomende kolom met 'n aanduiding van die persentasie Afrikaanssprekende kandidate van die volle matriekgroep.

Hoewel die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se eksamen op die KABV-kurrikulum gebaseer is, verskil hul vraestelle en nasienmetodes. Die doel van dié verslag is nie om 'n vergelyking tussen die twee eksamenliggame te tref nie, maar om tendense en prestasie binne albei stelsels te belig. Hierdie verslag sluit nie die uitslae van die SACAI-eksamenliggaam in nie. Die verslag fokus hoofsaaklik op kernvakke en bied nie 'n omvattende ontleding van alle vakke nie.

Die SOS beywer hom vir die bevordering van moedertaalonderwys en wil juis met hierdie verslag die waarde en opsigtelike voordele daarvan uitlig. Daarom fokus ons op die vergelykende prestasie van Afrikaanse skole teenoor die nasionale prestasie van skole. Aspekte wat vergelyk word, sluit in:

- Inskrywingsgetalle en slaagpersentasies;
- Gemiddelde aantal kandidate in skole;
- Graadtoelatingpersentasies;
- Persentasie onderskeidings;
- Getal kandidate, slaagpersentasies en persentasie onderskeidings in al die Wiskundige en Wetenskapvakrigtings;
- Prestasie van Afrikaans Huistaal teenoor ander Huistale; en
- Prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole teenoor ander skole op die top 20-merietelyste.

Die top 20-lyste fokus enersyds op die skole met die meeste onderskeidings en andersyds op die meeste onderskeidings per getal kandidate in die DBO se NSS-eksamen. By eersge-

noemde staan groter skole 'n beter kans om die lys te haal en by laasgenoemde is die speelveld gelyk. Die top 20-lyste dui nie die vakgemiddeld van skole aan nie.

Die verslag gee ook spesiale erkenning aan die klein Afrikaanse

skole met minder as 50 matrieks. Ten einde as Afrikaanse skool op die top 20-vaklyste te verskyn, moet die skool ten minste 15 ingeskrewe Afrikaans Huistaal-matrikulante hê. Toppresterende skole se persentasie Afrikaans Huistaal-kandidate word aangedui as indikasie van Afrikaanssprekendheid van parallel- en dubbelmediumskole.

Die SOS lewer 'n groot bydrae tot die Afrikaanse onderriglandskap deur middel van uitstekende vakgerigte hulpbronne, Wolksskool as leerbestuurstelsel, skoolspesifieke en generiese bestuur- en onderwyseropleiding, asook basiese ondersteuning aan Afrikaanse skoolgemeenskappe.

Die SOS is verbind tot die ondersteuning en versterking van Afrikaanse skoolgemeenskappe op alle vlakke, met die doel om uitsonderlike prestasies soos hierdie in die toekoms te verseker. Word vandag nog deel van die SOS-familie as SOS-lidskool, SOS-netwerkskool of gebruiker van die SOS se ondersteuningsprodukte. In die gees van die SOS se tema vir 2025, sê ons: **Staan Op!**

Hugo Vermeulen
Hoof: Opleiding
Solidariteit Skoleondersteuningsentrum



OORSIG

van die nasionale matriekuitslae 2024

NSS as maatstaf van akademiese uitnemendheid in Suid-Afrika

Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) bly een van die mees bepalende maatstawwe van die gesondheid en gehalte van ons onderwysstelsel. Duisende graad 12-leerders lê jaarliks hul finale eksamen af met die doel om 'n NSS, oftewel matrieksertifikaat, te verwerf. Hierdie eksamen word geadministreer deur drie belangrike instellings: die Departement van Basiese Onderwys (DBO), die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Omvattende Assessering (SACAI).

Die meerderheid leerders lê die DBO se NSS-eksamen af, aangesien openbare skole verplig is om dié eksamen te skryf. Onafhanklike skole wat die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) volg, het egter die opsie om die NSS-eksamen via die DBO, IEB of SACAI af te lê.

Die IEB is veral bekend vir sy gestruktureerde en veeleisende assesseringsbenadering, wat daarop fokus om kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede te bevorder. SACAI, 'n relatief jonger eksameninstelling, bied 'n alternatiewe eksamenroete vir onafhanklike skole en tuisonderrigleerders.


Om die geloofwaardigheid van die NSS te verseker, speel die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (Umalusi) 'n deurslaggewende rol. Umalusi is verantwoordelik vir die akkreditering en gehaltebeheer van die eksamen en resultate wat deur die DBO, IEB en SACAI aangebied word. Waar nodig, pas Umalusi eksamenuitslae aan om te verseker dat dit aan gestelde standaarde voldoen. Só word gewaarborg dat die NSS-eksamen betroubaar, konsekwent en vergelykbaar bly, ongeag die eksamenliggaam.

DBO: NSS-slaagsyfer van 2015 tot 2024

JAAR	KANDIDATE GESKRYF	SLAAG		DRUIP		TOELATING TOT B-GRAADSTUDIE
		GETAL KANDIDATE	PERSENTASIE	GETAL KANDIDATE	PERSENTASIE	PERSENTASIE
2015	644 536 ↑	455 825 ↑	70,7% ↓	188 711 ↑	29,3% ↑	25,8% ↓
2016	610 178 ↓	442 672 ↓	72,5% ↑	167 506 ↓	27,5% ↓	26,6% ↑
2017	534 484 ↓	401 435 ↓	75,1% ↑	133 049 ↓	24,9% ↓	28,0% ↑
2018	512 735 ↓	400 761 ↓	78,2% ↑	111 974 ↓	21,8% ↓	33,6% ↑
2019	504 303 ↓	409 906 ↑	81,3% ↑	94 397 ↓	18,7% ↓	36,9% ↑
2020	578 468 ↑	440 702 ↑	76,2% ↓	137 766 ↑	23,8% ↑	36,4% ↓
2021	704 021 ↑	537 687 ↑	76,4% ↑	166 334 ↑	23,6% ↓	36,4% ↔
2022	752 145 ↑	580 555 ↑	80,1% ↑	144 590 ↓	19,9% ↓	38,4% ↑
2023	691 160 ↓	572 983 ↓	82,9% ↑	118 177 ↓	17,1% ↓	40,9% ↑
2024	705 291 ↑	615 429 ↑	87,3% ↑	89 862 ↓	12,7% ↓	47,8% ↑

▲ TABEL 1: Nasionale slaagsyfer en graadtoelating van die DBO: 2015 tot 2024.

↑ Styging – jaar op jaar ↓ Daling – jaar op jaar



Die nasionale slaagsyfer het van 70,7% in 2015 tot 'n rekordhoogte van 87,3% in 2024 gestyg – 'n verbetering van 16,6% die afgelope dekade en 'n verbetering van 4,4% teenoor 2023 se slaagsyfer van 82,9%. Altesaam 724 156 voltydse en 155 948 deeltydse kandidate het vir die 2024-eksamen geregistreer. Dit verteenwoordig 'n toename van 8 437 kandidate teenoor 2023. Uit hierdie groep het 705 291 voltydse kandidate en 106 584 deeltydse kandidate die eksamen afgelê. Uiteindelik het 615 429 voltydse kandidate aan die vereistes vir die NSS-sertifikaat voldoen, 42 446 meer as in 2023.

Daar heers egter steeds kommer oor die werklike akademiese gereedheid van leerders vir tersiêre studies of indiensneembaarheid. Universiteite en werkgewers beklemtoon 'n tekort aan basiese geletterdheid en wiskundige vaardighede onder matrieks, wat dui op 'n moontlike wanbalans tussen die hoë slaagsyfer en die akademiese gereedheid wat vir verdere studie en die arbeidsmark benodig word. Van die 68 vakke wat geskryf is, is 53 vakke se punte onveranderd gelaat, 13 vakke is afwaarts aangepas en twee vakke is opwaarts aangepas.

- **Data van deeltydse kandidate is nie gereedelik beskikbaar nie, en word nie in hierdie verslag ingesluit nie.**

IEB: NSS-slaagsyfer van 2015 tot 2024

JAAR	KANDIDATE GESKRYF	SLAAG		DRUIP		TOELATING TOT B-GRAADSTUDIE
		GETAL KANDIDATE	PERSENTASIE	GETAL KANDIDATE	PERSENTASIE	PERSENTASIE
2015	10 212 ↑	10 038 ↑	98,3% ↓	174 ↑	1,7% ↑	85,5% ↓
2016	11 022 ↑	10 875 ↑	98,7% ↑	146 ↓	1,3% ↓	85,3% ↑
2017	12 130 ↑	11 968 ↑	98,8% ↑	162 ↑	1,2% ↓	87,6% ↑
2018	11 514 ↓	11 688 ↓	98,9% ↑	130 ↓	1,1% ↓	88,5% ↑
2019	11 818 ↑	11 676 ↓	98,8% ↓	142 ↑	1,2% ↑	89,5% ↑
2020	12 024 ↑	11 796 ↑	98,1% ↓	228 ↑	1,9% ↑	90,7% ↑
2021	12 857 ↑	12 608 ↑	98,1% ↔	249 ↑	1,9% ↔	88,4% ↓
2022	12 580 ↓	12 381 ↓	98,42% ↑	199 ↓	1,6% ↓	89,2% ↑
2023	13 967 ↑	13 752 ↑	98,46% ↑	215 ↑	1,54% ↓	88,6% ↓
2024	16 304 ↑	16 049 ↑	98,47% ↑	255 ↑	1,53% ↓	89,37% ↑

▲ TABEL 2: Nasionale slaagsyfer en graadtoelating van die IEB: 2015 tot 2024.

↑ Styging – jaar op jaar ↓ Daling – jaar op jaar

In 2024 het 16 304 kandidate die IEB se eksamen afgelê en 'n uitstekende slaagpersentasie van 98,47% behaal, met 89,37% van dié leerders wat toelating tot B-gradstudies verkry het. Die IEB handhaaf reeds vir meer as tien jaar 'n slaagsyfer van meer as 98%, wat hul verbintenis tot akademiese uitnemendheid bevestig. Deurvloeiysifers toon dat IEB-leerders oor die algemeen beter presteer in tersiêre studies as hul eweknieë wat die NSS-eksamen aflê. Dié sukses is te danke aan die uitdagende aard van die IEB-eksamens, wat klem lê op kritiese denke, probleemoplossing en die praktiese toepassing van kennis. Hierdie vaardighede gee leerders 'n stewige grondslag vir die uitdagings en selfgedrewe leer van tersiêre onderwys.

DBO: Provinsiale NSS-slaagsyfer van 2017 tot 2024


PROVINSIALE SLAAGSYFER: 2017 TOT 2024

PROVINSIE	2017	2018	2019	2020	2021	2022	2023	2024
Gauteng	85,1% ↔	87,9% ↑	87,2% ↓	83,7% ↓	82,8% ↓	84,4% ↑	85,4% ↑	88,4% ↑
KwaZulu-Natal	72,9% ↑	76,2% ↑	81,3% ↑	77,6% ↓	76,8% ↓	83,0% ↑	86,4% ↑	89,5% ↑
Limpopo	65,6% ↑	69,4% ↑	73,2% ↑	68,2% ↓	66,7% ↓	72,1% ↑	79,5% ↑	85,0% ↑
Mpumalanga	74,8% ↓	79,0% ↑	80,3% ↑	73,7% ↓	73,6% ↓	76,8% ↑	77,0% ↑	85,0% ↑
Noordwes	79,4% ↓	81,1% ↑	86,8% ↑	76,2% ↓	78,2% ↑	79,8% ↑	81,6% ↑	87,5% ↑
Noord-Kaap	75,6% ↓	73,3% ↓	76,5% ↑	66,0% ↓	71,4% ↑	74,2% ↑	75,8% ↑	84,2% ↑
Oos-Kaap	65,0% ↑	70,6% ↑	76,5% ↑	68,1% ↓	73,0% ↑	77,3% ↑	81,4% ↑	85,0% ↑
Vrystaat	86,1% ↓	87,5% ↑	88,4% ↑	85,1% ↓	85,7% ↑	88,5% ↑	89,0% ↑	91,0% ↑
Wes-Kaap	82,8% ↓	81,5% ↓	82,3% ↑	79,8% ↓	81,2% ↑	81,4% ↑	81,5% ↑	86,6% ↑
NASIONAAL	75,1% ↑	78,2% ↑	81,3% ↑	76,2% ↓	76,4% ↑	80,1% ↑	82,9% ↑	87,3% ↑

▲ TABEL 3: Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2017 tot 2024.

↑ Styging – jaar op jaar ↓ Daling – jaar op jaar

PROVINSIALE SLAAGSYFER: 2017 TOT 2024



▲ GRAFIEK 1: Provinsiale slaagsyfer van die DBO: 2017 tot 2024.

Die Vrystaat het met 91% weer die hoogste slaagsyfer in 2024 behaal. Dit is 'n 2%-verbetering vanaf 89% in 2023. Gauteng het ook sy prestasie verbeter – van 85,4% in 2023 tot 88,4% in 2024. KwaZulu-Natal se drastiese groei van 66,4% in 2016 tot 89,5% in 2024 – 'n toename van 23,1% – wek vrae oor hoe sulke resultate moontlik is in 'n provinsie wat steeds groot onderwysuitdagings ervaar.


Limpopo se slaagsyfer het ook merkwaardig gestyg, van 62,5% in 2016 tot 85% in 2024, terwyl die Oos-Kaap 'n 25,7%-styging van 59,3% tot 85% getoon het. Dié stygings is opvallend, aangesien albei provinsies tradisioneel laer slaagsyfers gehad het weens gebrekkige infrastruktuur en beperkte hulpbronne. Die resultate beklemtoon egter dat intervensie en ondersteuning 'n beduidende impak op onderwysuitkomst kan hê, selfs in uitdagende omgewings.

Mpumalanga het 'n verbetering van 77% in 2023 tot 85% in 2024 getoon, wat in lyn is met die groei wat in ander provinsies gesien word. Noordwes het ook aansienlik verbeter, van 81,6% tot 87,5%, terwyl die Noord-Kaap 'n 8,4%-toename van 75,8% in 2023 tot 84,2% in 2024 behaal het. Die Wes-Kaap, wat bekend is vir sy bestendige prestasie, het 'n stewige styging van 81,5% in 2023 tot 86,6% in 2024 getoon.

Die drastiese verbeterings in sommige provinsies, veral KwaZulu-Natal, Limpopo en die Oos-Kaap, noep egter 'n meer gedetailleerde ondersoek. Dit is nog onduidelik of hierdie verbeterings die gevolg is van werklike akademiese vordering, verhoogde ondersteuning en verbeterde onderriggehalte, en of dit verband hou met 'n verslapping in assesseringskriteria of ander faktore soos moontlike onreëlmatighede. Hierdie vrae moet beantwoord word om die volhoubaarheid van hierdie verbeterings beter te verstaan.

Nasionale deurvloeiwyfer vanaf graad 1 tot graduering

In 2013 het 1 222 851 leerders in Suid-Afrika met graad 1 begin. Elf jaar later, in 2024, registreer 724 156 (59,2%) van hierdie leerders vir die matriekeksamen. Slegs 705 291 leerders skryf uiteindelik wel die NSS-eksamen. Van dié groep het 614 562 (87,3%) die matriekeksamen geslaag. Dit beteken dat slegs 50,3% van die oorspronklike groep wat in 2013 met graad 1 begin het, matriek in 2024 slaag. Verder kwalifiseer slegs 337 158 van die suksesvolle kandidate vir B-graadtoelating (47,8% van die geslaagdes) en dus net 27,6% van die oorspronklike graad 1-leerders om gradstudies aan te pak.



▲ GRAFIEK 2: Nasionale deurvloeiwyfer vanaf graad 1 tot graduering.

WISKUNDIGE VAKKE

Deelname en prestasie verbeter merkbaar

Hoewel die persentasie matrieks wat Wiskunde neem betreklik bestendig bly, het die slaagsyfer in dié vak die afgelope dekad met 20% gestyg en 1 961 meer matrieks het 'n onderskeiding in Wiskunde behaal. In 2024 het 705 291 kandidate die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geskryf, waarvan 251 488 (35,7%) Wiskunde geneem het. Uit dié groep het 173 774 (69,1%) geslaag, wat 'n merkbare toename verteenwoordig

in vergelyking met die 63,5%-slaagsyfer in 2023. Die persentasie onderskeidings het ook tot 3,9% gestyg, die hoogste die afgelope 10 jaar, met 'n totaal van 9 752 onderskeidings. Die resultate beklemtoon die voortgesette verbetering in Wiskunde-prestasie en toon dat meer leerders hoër vlakke van begrip en vaardigheid in hierdie kernvak bereik, wat noodsaaklik is vir verdere studies en loopbane in wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde (STEM).

NASIONALE WISKUNDE-PRESTASIE: 2015 TOT 2024

JAAR	GETAL KANDIDATE GESKRYF	GETAL WAT WISKUNDE NEEM	PERSENTASIE WAT VAK NEEM	GETAL WAT WISKUNDE SLAAG	PERSENTASIE WAT SLAAG	GETAL ONDER-SKEIDINGS	PERSENTASIE MET ONDER-SKEIDINGS
2015	644 536 ↑	263 903 ↑	40,9% ↓	129 481 ↑	49,1% ↓	7 791 ↑	3,0% ↓
2016	610 178 ↓	265 810 ↑	43,6% ↑	135 958 ↑	51,1% ↑	8 070 ↑	3,0% ↔
2017	534 484 ↓	245 103 ↓	45,9% ↑	127 197 ↓	51,9% ↑	6 726 ↓	2,7% ↓
2018	512 735 ↓	233 858 ↓	45,6% ↓	135 638 ↑	58,0% ↑	5 820 ↓	2,5% ↓
2019	504 303 ↓	222 034 ↓	44,0% ↓	121 179 ↓	54,6% ↓	4 415 ↓	2,0% ↓
2020	578 468 ↑	233 315 ↑	40,4% ↓	125 526 ↑	53,8% ↓	7 424 ↑	3,2% ↑
2021	704 021 ↑	259 143 ↑	36,3% ↓	149 177 ↑	57,6% ↑	7 725 ↑	3,0% ↓
2022	725 146 ↑	269 734 ↑	37,2% ↑	148 337 ↓	55,0% ↓	7 304 ↓	2,7% ↓
2023	691 160 ↓	248 491 ↓	36,0% ↓	157 834 ↑	63,5% ↑	8 771 ↑	3,5% ↑
2024	705 291 ↑	251 488 ↑	35,7% ↓	173 774 ↑	69,1% ↑	9 752 ↑	3,9% ↑

▲ TABEL 4: Nasionale Wiskunde-prestasie: 2015 tot 2024.

↑ Styging – jaar op jaar ↓ Daling – jaar op jaar





WISKUNDE, WISKUNDIGE GELETTERDHEID & TEGNIESE WISKUNDE

2024	GETAL KANDIDATE	PERSENTASIE WAT VAK NEEM	GETAL GESLAAG	PERSENTASIE WAT SLAAG	GETAL ONDER-SKEIDINGS	PERSENTASIE MET ONDER-SKEIDINGS
Wiskunde	251 488 ↑	35,7% ↓	173 774 ↑	69,1% ↑	9 752 ↑	3,9% ↑
Wiskundige Geletterdheid	442 741 ↑	62,8% ↑	380 994 ↑	86,1% ↑	12 151 ↑	2,7% ↑
Tegniese Wiskunde	16 579 ↑	2,4% ↑	15 340 ↑	92,5% ↑	691 ↑	4,2% ↑

▲ TABEL 5: S6 vaar leerders in Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde: 2024. ↑↓ Styging of daling in vergelyking met 2023

Die matrieks van 2024 se prestasie toon beduidende verbeterings in vergelyking met 2023, wat 'n positiewe tendens in kernvakke soos Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde weerspieël. In 2024 het 251 488 kandidate (35,7%) Wiskunde geneem, effens meer as die 248 491 kandidate (36,0%) van 2023. Die slaagsyfer het gestyg van 63,5% in 2023 tot 69,1% in 2024, met 173 774 kandidate wat geslaag het – 'n merkbare toename van 15 940 kandidate. Verder het die persentasie onderskeidings ook verbeter van 3,5% in 2023 tot 3,9% in 2024, met 9 752 onderskeidings behaal teenoor 8 771 die vorige jaar.

Wiskundige Geletterdheid het ook 'n verbetering getoon. In 2024 het 442 741 kandidate (62,8%) dié vak geneem, in

vergelyking met 416 148 (60,2%) in 2023. Die slaagsyfer het gestyg van 82,2% tot 86,1% en die onderskeidings het toegeneem van 8 923 (2,1%) tot 12 151 (2,7%).

Tegniese Wiskunde, hoewel 'n kleiner groep, het ook sterk verbeterings getoon. In 2024 het 16 579 kandidate dié vak geneem, in vergelyking met 14 547 kandidate in 2023. Die slaagsyfer het van 88,2% tot 92,5% verhoog, terwyl die persentasie onderskeidings van 2,3% in 2023 tot 4,2% in 2024 gestyg het.

Hierdie nasionale data dui op 'n algehele verbetering in deelname én prestasie in wiskundige vakke, wat 'n stewige grondslag skep vir verdere ontwikkeling in wetenskaplike en tegniese velde.



ANDER KERNVAKKE

Verhoogde prestasie en toewyding

Die data toon 'n merkbare verbetering in die slaagpersentasies en onderskeidings vir die meeste vakke in 2024, in vergelyking met vorige jare. Rekeningkunde, Geskiedenis, Ekonomie, Besigheidstudies en Geografie toon almal 'n styging in die slaagsyfer, met Geskiedenis wat die hoogste slaagpersentasie van 90,3% bereik het. Onderskeidings het ook toegeneem, met Besigheidstudies wat uitstaan met 16 140 onderskeidings (6,9%) en Geografie wat 'n merkbare verbetering in beide die getal en persentasie onderskeidings toon (11 287 onderskeidings, 3,3%). Hierdie verbeterings dui op verhoogde prestasie en toewyding in akademiese vakke wat sleutelvaardighede ontwikkel.

OPSOMMENDE SYFERS IN VYF KERNVAKKE: 2021 TOT 2024

JAAR		REKENING- KUNDE	GESKIEDENIS	EKONOMIE	BESIGHEID- STUDIES	GEOGRAFIE
2021	Geskryf	105 894 ↑	227 448 ↑	139 191 ↑	243 843 ↑	358 655 ↑
	Geslaag	79 093 ↑	203 473 ↑	94 479 ↑	196 233 ↑	266 402 ↑
	Onderskeidings	6 571 ↑	12 887 ↑	1 646 ↑	13 052 ↑	1 911 ↓
	% geslaag	74,7% ↓	89,5% ↓	67,9% ↓	80,5% ↑	74,3% ↓
	% onderskeidings	6,2% ↔	5,7% ↓	1,2% ↓	5,4% ↑	0,5% ↓
2022	Geskryf	104 798 ↓	237 327 ↑	137 657 ↓	241 989 ↓	368 882 ↑
	Geslaag	78 989 ↓	209 309 ↑	98 410 ↑	185 498 ↓	299 734 ↑
	Onderskeidings	5 831 ↓	8 434 ↓	2 703 ↑	14 575 ↑	3 607 ↑
	% geslaag	75,4% ↑	88,2% ↓	71,5% ↑	76,7% ↓	81,3% ↑
	% onderskeidings	5,6% ↓	3,6% ↓	2,0% ↑	6,0% ↑	1,0% ↑
2023	Geskryf	86 739 ↓	222 176 ↓	114 992 ↓	219 319 ↓	340 202 ↓
	Geslaag	66 461 ↓	194 767 ↓	85 160 ↓	178 990 ↓	293 093 ↓
	Onderskeidings	5 044 ↓	7 030 ↓	2 559 ↓	14 150 ↓	7 651 ↑
	% geslaag	76,6% ↑	87,7% ↓	74,1% ↑	81,6% ↑	86,2% ↑
	% onderskeidings	5,8% ↑	3,2% ↓	2,2% ↑	6,5% ↑	2,2% ↑
2024	Geskryf	97 636 ↑	237 437 ↑	121 560 ↑	233 383 ↑	346 791 ↑
	Geslaag	79 261 ↑	214 380 ↑	97 801 ↑	200 731 ↑	310 410 ↑
	Onderskeidings	6 219 ↑	7 461 ↑	4 053 ↑	16 140 ↑	11 287 ↑
	% geslaag	81,2% ↑	90,3% ↑	80,5% ↑	86,0% ↑	89,5% ↑
	% onderskeidings	6,4% ↑	3,1% ↓	3,3% ↑	6,9% ↑	3,3% ↑

▲ TABEL 6: Opsommende syfers in vyf kernvakke: 2021 tot 2024.

↑ Styging – jaar op jaar ↓ Daling – jaar op jaar



AFRIKAANSE SKOLE

gemeet teen nasionale uitslae

Definisie van Afrikaanse skole soos in dié verslag gebruik

Vir die doeleindes van hierdie verslag word alle skole wat Afrikaans Huistaal as skoolvak aanbied, met 'n minimum van 15 kandidate wat Afrikaans Huistaal neem, as Afrikaanse skole beskou. Dit sluit dus alle Afrikaanse enkelmedium-, parallelmedium- en dubbelmediumskole in. Dit sluit ook Engelse skole in wat Afrikaans Huistaal as vak aanbied.

Nasionale slaagpersentasie teenoor dié van Afrikaanse skole: 2024

In 2024 het Afrikaanse skole, wat slegs 7,8% van alle skole uitgemaak het wat die NSS-eksamen onder die Departement van Basiese Onderwys geskryf het, hul akademiese uitnemendheid voortgesit. Met 'n slaagsyfer van 89,5%, teenoor die nasionale gemiddelde van 87,3%, het hierdie skole hul vermoë bewys om uitdagings te oorkom en steeds hoë prestasievlakke te handhaaf.

Altesaam 543 Afrikaanse skole het aan die eksamen deelgeneem, met 'n gemiddeld van 125 kandidate per skool, wat aansienlik hoër is as die nasionale gemiddeld van 114 kandidate per skool. Die uitstekende prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole (soos in tabel 8 en 9 blyk), beklemtoon nie net die gehalte van dié skole nie, maar ook die waarde van moedertaalonderwys.

ALLE AFRIKAANSE SKOLE

2024	SLAAG-SYFER	GETAL SKOLE	GETAL GESKRYF	GETAL GESLAAG	KANDIDATE PER SKOOL
Nasionaal	87,3%	6 926	705 291	615 429	114
Afrikaanse skole	89,5%	543	67 879	60 738	125

▲ TABEL 7: Vergelyking van die nasionale slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2024.

PRESTASIE VAN AFRIKAANS-ENKELMEDIUMSKOLE

2024	GETAL SKOLE	GETAL GESKRYF	GETAL GESLAAG	% GESLAAG	ONDER-SKEIDINGS	% ONDER-SKEIDINGS	TOE-LATING B-GRAAD	% TOE-LATING B-GRAAD
	274	29 769	27 005	90,7%	19 136	64,3%	17 019	57,2%

▲ TABEL 8: Prestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2024.

WISKUNDEPRESTASIE VAN AFRIKAANS-ENKELMEDIUMSKOLE

2024	GETAL SKOLE	GETAL GESKRYF	GETAL GESLAAG	% GESLAAG	ONDER-SKEIDINGS	% ONDER-SKEIDINGS
	237	7 300	6 470	88,6%	955	13,1%

▲ TABEL 9: Wiskundeprestasie van Afrikaans-enkelmediumskole: 2024.

Verlore kandidate

En van die mees kommerwekkende uitdagings in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is die groot getal leerders wat vir die matriekeindeksamen registreer, maar om verskeie redes nooit die eindeksamen aflê nie. Hierdie probleem, wat dikwels spruit uit faktore soos armoede, swak akademiese ondersteuning, gesinsdruk, en 'n gebrek aan motivering, het 'n ernstige impak op hul toekoms en beperk hul toegang tot verdere onderwys of werkgeleenthede. Dit dra ook by tot die land se vaardigheidstekort, wat die groei van die ekonomie en die ontwikkeling van die arbeidsmark negatief beïnvloed.

Volgens die DBO se tegniese verslag is daar 'n duidelike patroon van afname in leerders deur hul skoolloopbaan. Van die meer as 1 miljoen leerders wat in 2013 in graad 1 was, het slegs 740 876 hul matriekjaar in 2024 begin. Van hierdie groep het 724 156 vir die matriekeksamen geregistreer, maar slegs 705 291 het uiteindelik die eksamen afgelê. Dit beteken dat 18 865 leerders, wat reeds vir die eksamen geregistreer het, tydens hul finale skooljaar uit die stelsel verdwyn het. Dié opeenvolgende verliese deur die skoolloopbaan en selfs binne die finale jaar dui op 'n ernstige behoefte om onderbrekings in leerders se onderwysreis te ondersoek en aan te pak.

	2023				2024			
	GETAL KANDIDATE INGESKRYF	GETAL EKSAMEN AFGELÊ	GETAL VERLORE KANDIDATE	% VERLORE KANDIDATE	GETAL KANDIDATE INGESKRYF	GETAL EKSAMEN AFGELÊ	GETAL VERLORE KANDIDATE	% VERLORE KANDIDATE
Nasionaal	715 719 ↓	691 160 ↓	24 559 ↓	3,4% ↓	724 156 ↑	705 291 ↑	18 865 ↓	2,61% ↓
Afrikaanse skole	70 020 ↓	68 441 ↓	1 579 ↓	2,3% ↔	69 125 ↓	67 879 ↓	1 246 ↓	1,80% ↓


▲ TABEL 10: Verlore kandidate: 2023 en 2024.

↑ ↓ Styging of daling – jaar op jaar

B-graadtoelating van Afrikaanse skole teenoor die nasionale syfer

Die klas van 2024 het as groep die hoogste persentasie B-graadtoelatings in die NSS se geskiedenis behaal. Afrikaanse skole het in 2024 weer bo die nasionale gemiddeld presteer, met 53,4% van hul kandidate wat toelating tot B-graadstudies verkry het, teenoor die nasionale gemiddeld van 47,8%. Van die 67 879 kandidate wat die eksamen in Afrikaanse skole geskryf het, het 36 216 hierdie prestasie behaal. Hierdie syfers bevestig die sterk akademiese prestasie en hoë standaard van Afrikaanse skole.

	2024		
	GETAL GESKRYF	GETAL MET B-GRAADTOELATING	PERSENTASIE MET B-GRAADTOELATING
Nasionaal	705 291	337 158	47,8%
Afrikaanse skole	67 897	36 216	53,4%



▲ TABEL 11: Vergelyking tussen die B-graadtoelating van Afrikaanse skole en die nasionale uitslae: 2024.



Wiskunde: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

In 2024 het 3,9% van leerders nasionaal onderskeidings in Wiskunde behaal, die hoogste tot nog toe, teenoor 3,5% in 2023. Afrikaanse skole lewer steeds 'n hoër persentasie onderskeidings as die nasionale gemiddeld, met 9,4% van leerders wat in 2024 met 'n onderskeiding spog. Hoe-

wel hulle slegs 7% van alle kandidate verteenwoordig, het Afrikaanse skole 16,9% van die nasionale Wiskunde-onder-skeidings gelewer. Hierdie sukses word grootliks toegeskryf aan bekwame onderwysers en moedertaalonderrig, wat die akademiese prestasie van leerders merkbaar versterk.

JAAR	NASIONAAL			AFRIKAANSE SKOLE		
	GETAL KANDIDATE	GETAL ONDER-SKEIDINGS	% KANDIDATE MET ONDER-SKEIDINGS	GETAL KANDIDATE	GETAL ONDER-SKEIDINGS	% KANDIDATE MET ONDER-SKEIDINGS
2017	218 596 ↓	4 735 ↓	2,0% ↓	26 507 ↑	1 991 ↓	7,5% ↓
2018	211 039 ↓	4 114 ↓	1,9% ↓	22 819 ↓	1 706 ↓	7,5% ↔
2019	222 034 ↓	4 415 ↑	2,0% ↑	22 306 ↓	1 417 ↓	6,5% ↓
2020	233 315 ↑	7 424 ↑	3,2% ↑	21 204 ↓	2 106 ↑	9,9% ↑
2021	259 143 ↑	7 725 ↑	3,0% ↓	20 654 ↓	1 928 ↓	9,6% ↓
2022	269 734 ↑	7 304 ↓	2,7% ↓	21 092 ↑	1 711 ↓	8,1% ↓
2023	248 491 ↓	8 771 ↑	3,5% ↑	16 684 ↓	1 674 ↓	10,0% ↑
2024	251 488 ↑	9 752 ↑	3,9% ↑	17 510 ↑	1 651 ↓	9,4% ↓

▲ TABEL 12: Vergelyking van die Wiskunde-prestasie: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2017 tot 2024.

↑↓ Styging of daling – jaar op jaar

JAAR	NASIONAAL			AFRIKAANSE SKOLE		
	WISKUNDE	WISKUNDIGE GELETTERDHEID	TEGNIËSE WISKUNDE	WISKUNDE	WISKUNDIGE GELETTERDHEID	TEGNIËSE WISKUNDE
2019	42,0% ↓	57,0% ↓	1,0% ↓	31,0% ↓	65,0% ↓	4,0%
2020	40,0% ↓	58,0% ↑	2,0% ↑	29,0% ↓	67,0% ↑	4,0% ↔
2021	36,3% ↓	61,8% ↑	1,9% ↓	26,8% ↓	71,0% ↑	2,2% ↔
2022	37,2% ↑	62,1% ↑	0,7% ↓	27,6% ↑	69,1% ↓	3,4% ↑
2023	36,0% ↓	60,2% ↓	2,1% ↑	24,4% ↓	71,3% ↑	2,8% ↓
2024	35,7% ↓	62,8% ↑	2,4% ↑	25,8% ↑	71,9% ↑	3,1% ↑

▲ TABEL 13: Persentasie wat Wiskundige vakke neem: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2019 tot 2024.

↑↓ Styging of daling – jaar op jaar

Afrikaanse skole presteer baie goed in Wiskunde en 25,8% van leerders in Afrikaanse skole neem die vak, m.a.w. 'n kleiner persentasie kies dié vak teenoor die nasionale gemiddeld van 35,7%. Daar is steeds groot kommer oor die dalende belangstelling in dié sleutelvak. 'n Voorkeur vir Wiskundige Geletterdheid, waar 72% slaag, bied wel sekere voordele,

maar dit beperk leerders se toegang tot tegniese en gevorderde studierigtings wat Wiskunde vereis. Dit is van kritieke belang dat Afrikaanse skole strategieë implementeer om leerders beter voor te berei, te motiveer en te ondersteun om Wiskunde te kies, sodat hulle hul akademiese en beroepsgeleenthede kan verbreed en toegang tot gesogte velde kan verkry.



2024							
VAK	GETAL LEERDERS IN AFRIKAANSE SKOLE	GETAL KANDIDATE GESKRYF	PERSENTASIE KANDIDATE GESKRYF	GETAL KANDIDATE GESLAAG	PERSENTASIE KANDIDATE GESLAAG	GETAL ONDER-SKEIDINGS	PERSENTASIE ONDER-SKEIDINGS
Wiskunde	67 879	17 510	25,8%	14 796	84,5%	1 651	9,4%
Wiskundige Geletterdheid	67 879	48 827	71,9%	42 160	86,3%	2 483	5,1%
Tegniese Wiskunde	67 879	2 107	3,1%	1 941	92,1%	33	1,6%

▲ TABEL 14: Vergelyking in resultate van Wiskundige vakke in Afrikaanse skole: 2024.


SKOOL	Getal Wiskunde-kandidate	% Wiskunde-kandidate	% Afrikaanse leerders
Protea Heights Academy	185	100%	10%
Hoër Meisieskool Paarl	96	75,0%	67%
Hoër Meisieskool Bloemhof	106	74,6%	100%
Paul Roos Gimnasium	165	71,4%	55%
Afrikaans Hoër Seunskool	163	66,5%	100%
Hoërskool Waterkloof	246	66,3%	100%
Hoërskool Parel Vallei	161	66,0%	34%
Hoërskool Menlopark	210	65,4%	100%
Afrikaans Hoër Meisieskool	156	65,3%	100%
Hoër Jongensskool Paarl	125	64,8%	65%

Dié top 10-lys van Afrikaanse skole se persentasie matrieks wat Wiskunde neem, is aansienlik hoër as die nasionale gemiddeld van 25,8 % van alle Afrikaanse skole. Ons gee graag erkenning aan Afrikaanse skole wat 'n aktiewe rol speel in die bevordering van Wiskunde en wat leerders aanmoedig om dié vak tot in matriek vol te hou. Protea Heights is 'n Engelse skool, maar het wel meer as 15 matrieks wat Afrikaans Huistaal geneem het.

▲ TABEL 15: Top 10- Afrikaanse skole met die hoogste persentasie Wiskunde-kandidate.




Altesaam 51,2% van die leerders in Afrikaanse skole behaal **meer as 50%** in Wiskunde. Dit is 21% hoër as die nasionale syfer van 30,2%.



Altesaam 30,9% van leerders druipe Wiskunde nasionaal teenoor die 15,5% van die leerders in Afrikaanse skole wat dié vak **gedruip** het.

WISKUNDE-SLAAGSYFER 2024: NASIONAAL TEENoor AFRIKAANSE SKOLE



▲ GRAFIEK 3: Wiskunde-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024.

Wiskunde-leerlinge in Afrikaanse skole presteer oor die algemeen beter as hul eweknieë in ander skole. Die druipeyfer in Afrikaanse skole is slegs 15,5%, minder as die helfte van die nasionale druipeyfer van 30,9%. Verder slaag 51,2% van Afrikaanse Wiskunde-leerlinge met meer as 50%, wat 21% beter is as die nasionale gemiddeld van

30,2%. Hoewel 48,9% van Afrikaanse Wiskunde-leerlinge onder 50% presteer, is dit steeds 21,3% beter as die nasionale gemiddeld van 69,8%.

Dié resultate toon die sterker prestasie van Afrikaanse skole, maar beklemtoon ook die behoefte om voort te gaan met inisiatiewe om leerlinge wat sukkel, beter te ondersteun.

	2024						
	GETAL KANDIDATE	GETAL DRUIP	% DRUIP	GETAL 30-49%	% 30-49%	GETAL 50-100%	% 50-100%
Nasionaal	251 488	77 714	30,9%	97 716	38,9%	76 058	30,2%
Afrikaanse skole	17 529	2 716	15,5%	5 847	33,3%	8 966	51,2%

▲ TABEL 16: Vergelyking van die nasionale Wiskunde-slaagsyfer met dié van Afrikaanse skole: 2024.

Fisiese Wetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Wanneer die prestasie in Fisiese Wetenskappe tussen nasionaal en Afrikaanse skole vergelyk word, wys die data op beter resultate in Afrikaanse skole. Die druipsyfer in Afrikaanse skole is 15,8%, baie laer as die nasionale druipsyfer van 24,4%. Verder behaal 46,5% van leerders in Afrikaanse skole meer as 50% vir Fisiese Wetenskappe, vergeleke met slegs 29,4% nasionaal. In die kategorie van gemiddelde slaagsyfers (30-49%) is Afrikaanse skole ook sterker, met slegs 37,7% van leerders in hierdie groep teenoor 46,3% nasionaal.


JAAR	NASIONAAL		AFRIKAANSE SKOLE	
	GETAL KANDIDATE	FISIESE WETENSKAPPE-SLAAGSYFER	GETAL KANDIDATE	FISIESE WETENSKAPPE-SLAAGSYFER
2018	172 319 ↓	74,2% ↑	15 202 ↓	87,3% ↑
2019	164 478 ↓	75,5% ↑	14 989 ↓	88,2% ↑
2020	174 310 ↑	65,8% ↓	14 148 ↓	83,0% ↓
2021	196 968 ↑	69,0% ↑	13 629 ↓	84,8% ↑
2022	209 004 ↑	74,6% ↑	13 765 ↑	87,7% ↑
2023	191 975 ↓	76,0% ↑	10 265 ↓	87,7% ↔
2024	200 715 ↑	75,6% ↓	11 558 ↑	84,2% ↓

▲ TABEL 17: Prestasie in Fisiese Wetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2024.


↑↓ Styging of daling

FISIESE WETENSKAPPE-SLAAGSYFER 2024: NASIONAAL TEENOOR AFRIKAANSE SKOLE

Nasionaal



Afrikaanse skole



■ Druip ■ 30% tot 49% ■ 50% tot 100%

▲ GRAFIEK 4: Fisiese Wetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024.



Lewenswetenskappe: Só vaar Afrikaanse skole teenoor nasionaal

Hoewel Afrikaanse skole beter in die hoër prestasiekategorieë (50-100%) as die nasionale syfer presteer, bly die hoër druipeyfer van 23,6% in Afrikaanse skole, teenoor 19,2% nasionaal, 'n bekommernis wat aandui dat sommige leerders steeds sukkel om die basiese slaagvereistes te bereik. Met net 23 654 kandidate wat Lewenswetenskappe skryf in Afrikaanse skole, teenoor 374 722 nasionaal, is daar potensiaal om meer leerders aan te moedig om hierdie vak te kies en gerigte intervensies te implementeer om druipeyfers te verlaag en sukses in alle prestasiekategorieë te verbeter.


JAAR	NASIONAAL		AFRIKAANSE SKOLE	
	GETAL KANDIDATE	LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER	GETAL KANDIDATE	LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER
2018	310 041 ↓	76,3% ↑	33 594 ↓	80,1% ↓
2019	301 037 ↓	72,3% ↓	30 689 ↓	72,2% ↓
2020	319 228 ↑	71,0% ↓	29 707 ↓	69,3% ↓
2021	384 216 ↑	71,5% ↑	29 330 ↓	73,9% ↑
2022	399 007 ↑	71,5% ↔	29 705 ↑	72,2% ↓
2023	372 901 ↓	75,6% ↑	24 736 ↓	71,1% ↓
2024	374 722 ↑	80,8% ↑	23 654 ↓	76,4% ↑

▲ TABEL 18: Prestasie in Lewenswetenskappe: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2018 tot 2024.


↑ ↓ Styging of daling

LEWENSWETENSKAPPE-SLAAGSYFER 2024: NASIONAAL TEENOR AFRIKAANSE SKOLE

Nasionaal




Afrikaanse skole




■ Druip ■ 30% tot 49% ■ 50% tot 100%

▲ GRAFIEK 5: Lewenswetenskappe-slaagsyfer: Nasionaal teenoor Afrikaanse skole – 2024.



Die persentasie leerders wat **Afrikaanse Huistaal** geslaag het, het met 2,1% gestyg van 96,1% in 2023 tot 98,2% in 2024.



Die groot persentasie onderskeidings in **IsiZulu** (35,2%) laat vrae ontstaan oor die moeilikheidsgraad van dié Huistaal se eindeksamen vraestelle.

Afrikaans Huistaal-prestasie

Dis bemoedigend om te sien dat die persentasie kandidate wat Afrikaans geslaag het met 1,7% gestyg het, terwyl die aantal onderskeidings ook met 1,5% toegeneem het. Die waarde van moedertaalonderrig en sterk taalvaardighede vir akademiese sukses kan nie oorbeklemtoon word nie. Wanneer kandidate hul moedertaal goed bemeester, dra dit direk by tot verbeterde prestasie in ander vakke, aangesien leesbegrip 'n onontbeerlike grondslag vir doeltreffende leer vorm.

PRESTASIE IN AFRIKAANS HUISTAAL: 2020 TOT 2024

JAAR	GETAL GESKRYF	GETAL GESLAAG	PERSENTASIE GESLAAG	GETAL ONDER-SKEIDINGS	% ONDER-SKEIDINGS
2020	44 909 ↓	42 853 ↓	95,4% ↑	2 702 ↑	6,3% ↑
2021	47 337 ↑	45 079 ↑	95,2% ↓	2 377 ↓	5,0% ↓
2022	47 648 ↑	45 035 ↓	94,5% ↓	1 846 ↓	3,8% ↓
2023	47 615 ↓	45 745 ↑	96,1% ↑	2 553 ↑	5,4% ↑
2024	47 765 ↑	46 905 ↑	98,2% ↑	3 315 ↑	6,9% ↑

▲ TABEL 19: Prestasie in Afrikaans Huistaal: 2020 tot 2024.

↑ ↓ Styging of daling

2024

HUISTAAL	GETAL GESKRYF	GETAL GESLAAG	PERSENTASIE GESLAAG	GETAL ONDER-SKEIDINGS	% ONDER-SKEIDINGS
Afrikaans	47 765	46 905	98,2%	3 315	6,9%
Engels	129 772	125 701	96,9%	3 658	2,8%
IsiZulu	181 448	181 160	99,8%	63 822	35,2%
IsiXhosa	114 660	114 469	99,8%	9 551	8,3%
Sepedi	75 609	75 324	99,6%	2 574	3,4%

▲ TABEL 20: Vergelyking van die prestasie van die vyf grootste huistale: 2024.

Die data oor die vyf grootste Huistale toon interessante tendense. Afrikaans en Engels het onderskeidelik 'n slaagsyfer van 98,2% en 96,9%, maar laer persentasies onderskeidings, 6,9% en 2,8%. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat nie alle leerders wat Afrikaans of Engels as Huistaal neem, moedertaalsprekers is nie. IsiZulu en IsiXhosa toon uitsonderlike slaagsyfers. Dit wek vrae oor die standaardisering van Huistaalvraestelle en hoe dié standaarde tussen tale vergelyk. Die beskikbaarheid van goed opgeleide onderwysers bly 'n uitdaging, veral in tale met kleiner leerdergroepe. Die resultate beklemtoon die noodsaaklikheid van verdere ontleding van vraestelstandaarde en die impak van moedertaalonderrig op akademiese uitkomst.



Dié skole blink uit in 2024

TOP 20-SKOLE

- Afrikaanse skole
- Klein Afrikaanse skole
- Provinsies se top 3-
Afrikaanse skole
- Nasionaal
- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Rekeningkunde
- Ekonomie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Wiskundige Geletterdheid
- Inligtingstegnologie

Om op die top 20-lys van **Afrikaanse skole** met die meeste onderskeidings (A-lys) en die B-lys vir die meeste onderskeidings per getal kandidate te verskyn, moet skole ten minste **33,3% Afrikaanse leerders** hê.

10 375

Die totale getal onderskeidings wat die top 20- Afrikaanse skole se 5 193 kandidate behaal het. Dit is 1,99 onderskeidings per kandidaat.




AFRIKAANSE SKOLE

Top 20-skole met die meeste onderskeidings

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal onderskeidings	% Afrikaanse leerders
1	Gauteng	Hoërskool Waterkloof	371	811	100%
2	Gauteng	Hoërskool Menlopark	321	755	100%
3	Gauteng	Hoërskool Garsfontein	368	708	100%
4	Gauteng	Afrikaanse Hoër Meisieskool	239	706	100%
5	Wes-Kaap	Hoërskool Parel Vallei	244	547	34%
6	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Bloemhof	142	543	100%
7	Wes-Kaap	Hoërskool D.F. Malan	246	525	100%
8	Gauteng	Hoërskool Zwartkop	334	513	100%
9	Gauteng	Hoërskool Noordheuwel	371	500	100%
10	Wes-Kaap	Hoërskool Outeniqua	290	496	100%
11	Wes-Kaap	Hoërskool Stellenberg	292	493	59%
12	Wes-Kaap	Paarl Gimnasium	234	484	100%
13	Gauteng	Hoërskool Eldoraigue	276	482	100%
14	Wes-Kaap	Paul Roos Gimnasium	231	480	55%
15	Wes-Kaap	Hoërskool Durbanville	245	472	100%
16	Gauteng	Afrikaanse Hoër Seunskool	245	400	100%
17	Wes-Kaap	Hoërskool Punt	232	391	66%
18	Mpumalanga	Hoërskool Nelspruit	269	366	100%
19	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool La Rochelle	115	359	47%
20	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Paarl	128	344	67%

▲ TABEL 21: Top 20- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd.



Veertien van die top 20- skole met die meeste A's per kandidaat is **Afrikaans- enkelmediumskole**.

Die vier topskole is meisieskole, met **Hoër Meisieskool Bloemhof** wat sy toposisie behou en sy getal A's per kandidaat opgestoot het van 3,57 in 2023 tot 3,82 in 2024.

AFRIKAANSE SKOLE

Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal A's	A's per kandidaat	% Afrikaanse leerders
1	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Bloemhof	142	543	3,82	100%
2	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool La Rochelle	115	359	3,12	47%
3	Gauteng	Afrikaanse Hoër Meisieskool	239	706	2,95	100%
4	Wes-Kaap	Hoër Meisieskool Paarl	128	344	2,69	67%
5	Gauteng	Hoërskool Menlopark	321	755	2,35	100%
6	Wes-Kaap	Hoërskool Jan Van Riebeeck	90	211	2,34	100%
7	Gauteng	Hoërskool Linden	146	335	2,29	100%
8	Wes-Kaap	Hoërskool Parel Vallei	244	547	2,24	34%
9	Gauteng	Hoërskool Waterkloof	371	811	2,19	100%
10	Wes-Kaap	Hoërskool D.F. Malan	246	525	2,13	100%
11	Wes-Kaap	Paul Roos Gimnasium	231	480	2,08	55%
12	Wes-Kaap	Paarl Gimnasium	234	484	2,07	100%
13	Vrystaat	C & N Sekondêre Meisieskool Oranje	146	299	2,05	100%
14	Noordwes	Hoërskool Ferdinand Postma	65	127	1,95	54%
15	Wes-Kaap	Hoërskool Durbanville	245	472	1,93	100%
16	Gauteng	Hoërskool Garsfontein	368	708	1,92	100%
17	Noordwes	Potchefstroom Gimnasium	183	338	1,85	100%
18	Gauteng	Hoërskool Randburg	180	328	1,82	100%
19	Wes-Kaap	Hoërskool Langenhoven	97	170	1,75	100%
20	Gauteng	Hoërskool Eldoraigne	276	482	1,75	100%

▲ TABEL 22: Top 20- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.



Klein skole is skole met 'n minimum van 10 kandidate en 'n maksimum van 50 leerders in matriek.



Waar skole dieselfde getal onderskeidings of onderskeidings per kandidaat behaal, word die skool met die kleinste matriekgroep eerste geplaas.

A

KLEIN AFRIKAANSE SKOLE

Top 20-skole met die meeste onderskeidings

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal onderskeidings	% Afrikaanse leerders
1	Wes-Kaap	Hoërskool Lutzville	40	53	100%
2	KwaZulu-Natal	Gelofte Skool	43	51	100%
3	Vrystaat	Hoërskool Hoopstad	32	43	100%
4	Vrystaat	Hoërskool Hennenman	43	30	100%
5	Oos-Kaap	Hoër Landbouskool Marlow	41	27	100%
6	Vrystaat	Hoërskool Reitz	35	25	100%
7	Oos-Kaap	Hoërskool McLachlan	25	23	100%
8	Vrystaat	Hoërskool Bultfontein	28	22	100%
9	Noord-Kaap	Hoërskool Prieska	28	22	100%
10	Vrystaat	Hoërskool Bothaville	38	22	100%
11	KwaZulu-Natal	Port Natal Skool	28	21	100%
12	Mpumalanga	Komatipoort Akademie	32	21	100%
13	Noord-Kaap	Hoërskool Hopetown	17	20	100%
14	Vrystaat	Hoërskool Vrede	20	19	100%
15	Gauteng	Gereformeerde Skool Dirk Postma	18	16	100%
16	Vrystaat	Hoërskool Staatspresident Swart	25	16	100%
17	Noord-Kaap	Hoërskool Nababeep	28	16	100%
18	Noordwes	Hoërskool Stella	10	15	100%
19	Oos-Kaap	Hoërskool Middelburg	29	15	100%
20	Vrystaat	Hoërskool Heilbron	32	15	100%

▲ TABEL 23: Top 20- klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings landwyd.

Die **Vrystaat** gee die toon aan op albei lyste vir klein Afrikaanse skole, met agt skole op die A-lyste en sewe op die B-lyste. Die Noord-Kaap en Oos-Kaap spog met drie skole elk op albei lyste.

Hoërskool Lutzville in die Wes-Kaap kraai koning onder die klein skole met die meeste onderskeidings, naamlik 53. Dié skool se 40 matrikulante het 'n gemiddeld van 1,33 A's behaal.

B KLEIN AFRIKAANSE SKOLE

Top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal A's	A's per kandidaat	% Afrikaanse leerders
1	Noordwes	Hoërskool Stella	10	15	1,50	100%
2	Vrystaat	Hoërskool Hoopstad	32	43	1,34	100%
3	Wes-Kaap	Hoërskool Lutzville	40	53	1,33	100%
4	KwaZulu-Natal	Gelofte Skool	43	51	1,19	100%
5	Noord-Kaap	Hoërskool Hopetown	17	20	1,18	100%
6	Vrystaat	Hoërskool Vrede	20	19	0,95	100%
7	Oos-Kaap	Hoërskool McLachlan	25	23	0,92	100%
8	Gauteng	Gereformeerde Skool Dirk Postma	18	16	0,89	100%
9	Vrystaat	Hoërskool Bultfontein	28	22	0,79	100%
10	Noord-Kaap	Hoërskool Prieska	28	22	0,79	100%
11	KwaZulu-Natal	Port Natal Skool	28	21	0,75	100%
12	Vrystaat	Hoërskool Reitz	35	25	0,71	100%
13	Mpumalanga	Morgenzon Landbou Akademie	17	12	0,71	100%
14	Vrystaat	Hoërskool Hennenman	43	30	0,70	100%
15	Oos-Kaap	Hoër Landbouskool Marlow	41	27	0,66	100%
16	Mpumalanga	Komatipoort Akademie	32	21	0,66	100%
17	Vrystaat	Hoërskool Staatspresident Swart	25	16	0,64	100%
18	Vrystaat	Hoërskool Bothaville	38	22	0,58	100%
19	Noord-Kaap	Hoërskool Nababeep	28	16	0,57	100%
20	Oos-Kaap	Hoërskool Middelburg	29	15	0,52	100%

▲ TABEL 24: Top 20- klein Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat landwyd.



PROVINSIES

Om op dié provinsiale top 3-lys te verskyn, moet skole ten minste 80% Afrikaanse leerders hê.

Top 3- Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat

	Provinsie	Skool	Getal kandidate	Getal A's	A's per kandidaat	% Afrikaanse leerders
1	Gauteng	Afrikaanse Hoër Meisieskool	239	706	2,95	100%
2	Gauteng	Hoërskool Menlopark	321	755	2,35	100%
3	Gauteng	Hoërskool Linden	146	335	2,29	100%
1	KwaZulu-Natal	Gelofte Skool	43	51	1,19	100%
